AgEcon SEARCH
RESEARCH IN AGRICULTURAL & APPLIED ECONOMICS

*The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library*

# This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.

# Help ensure our sustainability.

Give to AgEcon Search

AgEcon Search
http://ageconsearch.umn.edu
aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

*No endorsement of AgEcon Search or its fundraising activities by the author(s) of the following work or their employer(s) is intended or implied.*

Ser.

AGRICULTURAL OUTLOOK CONFERENCE 1986

# AGROCON LANVOKON '86

LANDBOUVOORUITSKOUINGSKONFERENSIE 1986

**PRESENTED BY —**

- Agricultural Economics Association of South Africa
- Co-ordinating Committee of Agricultural Marketing Boards
- Department of Agricultural Economics and Marketing
- Department of Agriculture and Water Supply
- National Marketing Council
- SA Agricultural Union

## CSIR CONFERENCE CENTRE
## Pretoria

10 AND 11 FEBRUARY 1986

II.

<u>VERBATUM: TOESPRAAK DEUR MNR G J KOTZé</u>
<u>ADJUNK-MINISTER VAN LANDBOU-EKONOMIE EN VAN WATERWESE</u>

Meneer die Voorsitter, dit is seker baie moeilik om na twee dae van sit hier nog iets sinvols by te voeg, maar ek wil graag vir u, mnr die Voorsitter, en die Komitee wat Lanvokon vanjaar georganiseer het, geluk wens. Ek dink die meeste van ons hier sal daarmee saamstem dat ons vanjaar ons besprekings voortgesit het, in 'n rustige atmosfeer en rustigheid glo ek, mnr die Voorsitter, noop 'n mens ook om meer objektief te wees. As 'n mens onrustig is, is jy nie altyd so objektief nie, maar ek dink ons het 'n groot mate van objektiwiteit hier gehad. Maar mnr, ek wil u ook besonder gelukwens met die hoeveelheid breinkrag wat u hier saamgetrek het en dan sluit ek myself nou uit mnr, want ek wil vir u sê, toe ek die "job" gekry het was ek baie slimmer as wat ek nou is. Mnr John Vorster het by geleentheid gesê die slimste mense wat hy nog ooit ontmoet het, was tweedejaar regstudente. Hulle het oplossings vir al die probleme in die wêreld. Maar hierdie breinkrag wat u vandag en gister hier saam getrek het, glo ek, is van die beste wat ons in die land het. As mens maar net kyk na die lys van sprekers, dr De Kock wat vir ons 'n heel optimistiese siening gegee het oor die ekonomie, prof Bullock "which didn't paint such a very rosy picture, but gave us facts," prof Kassier wat ook op sy kenmerkende manier die effek van stygende insetkostes aan ons uitgewys het en ook gesê het dat dit is 'n probleem maar dit kan ook wees dat ons hieruit sal leer om hierdie insette meer effektief aan te wend. Daar was dr Pretorius oor vervoerkoste, dr Brand vanmiddag met sy landbou-ontwikkeling in die nasionale state, mnr Harry Hattingh met sy filosofiese beredenering waaroor 'n mens nog lank kan gesels. Daar was dr Jacobs oor die ingewikkelde finansieringsmeganisme. Ek dink mnr, dat ons regtig 'n fees gehad het van goeie toesprake en goeie voorleggings.

Meneer, as ek vir u 'n paar indrukke mag gee en ek sal nie baie tyd van u in beslag neem nie, dan is dit die volgende:

Landbou bly 'n hoë risikobedryf. U weet toe Jan van Riebeeck hier in die Kaap aangekom het, was daar basies twee boere, Jan van Riebeeck was die een en Harry was die andereen. Nie hierdie Harry nie, maar u weet watter Harry was die ander een. Die een was 'n akkerbouer, Jan van Riebeeck was die akkerbouer en Harry was die ekstensiewe veeboer. Sommer die heel eerste jaar toe Jan begin boer het, het hy agtergekom dat dit 'n baie hoë risikobedryf hierdie is en toe die wind sy oes wegwaai, toe was hy met sy boerdery baie slegter daaraan toe as wat Harry was met sy veeboerdery. Nou lyk dit vir my party dae dat dit maar nog so is, meneer. Hoe meer gesofistikeerd die boerdery, hoe hoër die risiko.

.../2

Maar meneer, 'n tweede indruk: Landbou is 'n bedryf waarby die Staat 'n betrokkenheid het. "Whether in South Africa or the United States or wherever the State has a certain role to play in agriculture, it is interesting so that the first farmer in South Africa was the state." Jan van Riebeeck het namens die Staat geboer, nie namens homself nie. Dit was 'n Staatsboerdery, maar hy het baie gou agtergekom dat die Staat nie 'n boer kan wees nie en toe het hulle begin, nog sommer in sy tyd het hy begin om die landbou te privatiseer. En meneer, toe het hy eers moeilikheid gehad en van toe af het die Staat se probleme met landbou nog nooit opgehou nie.

Meneer, die Staat se betrokkenheid by landbou is meer as net die selversorgendheid ten opsigte van voedsel. Daar is ander oorwegings waarom die Staat betrokke is by landbou. Daar is die sosio-ekonomiese oorwegings, die bevolking van die platteland. Daar is politieke oorwegings en mnr Harry Hattingh het in sy praatjie dit vir ons uitgewys dat daar ander redes is waarom die Staat betrokke moet wees. En nou kan u vir my opreg met alle eerlikheid vra, nou wat sal die Staat se betrokkenheid vorentoe wees en dan wil ek vir u antwoord, in die woorde van die Staatspresident verlede Vrydag toe hy gesê het: "Dit is verblydend dat goeie reëns in meeste streke beter vooruitsigte gebring het. Ten spyte van die gunstiger omstandighede is dit noodsaaklik dat die landboubedryf weer opgebou word om voldoende voedselvoorsiening vir 'n groeiende bevolking te verseker." 'n Groot bydrae behoort ook gelewer te word deur die hervorming van tradisionele grondbenuttingspraktyke in die selfregerende state. Dit sal die Staat se betrokkenheid vorentoe wees. Met ander woorde die Staat sal deelneem aan die heropbou van die landbou. En landbou het seergekry. Landbou het baie seergekry en landbou is nie gesond nie. Maar ons moet landbou weer gesond maak en die Staat sal 'n deel neem.

Staatshulp hoef nie noodwendig in die vorm van direkte of indirekte subsidies te wees nie, nie noodwendig nie. Die Staat se betrokkenheid en hulp wat hy verleen kan ook in baie ander vorme verleen word as deur subsidies. Meneer ons het meesters geword, meeste van ons. Ons het meesters geword om probleme te identifiseer. As ons net so goed was om oplossings aan die hand te doen as wat ons goed is om die probleme te identifiseer, regtig meneer sou u nie kontred hou met ons nie. Die oplossings uit die aard van die saak is nie eenvoudig nie. "Solutions to the problems of agriculture whether it's in South Africa or whether it's world problems are not simple." Wat ons nie kan bekostig nie is dat daar konfliksituasies tussen bedrywe en ook binne-in bedrywe en ook tussen die landbousektor en die Staat bestaan nie.

Dan gaan ons nie ons probleme opgelos kry nie. So in ons strewe om te soek na die oplossing van ons probleme sal ons konfliksituasies moet probeer vermy. Dit wil nie sê meneer dat ons altyd met mekaar moet saamstem nie, maar meneer dit is so dat ons interafhanklik van mekaar is. Landbou van die Staat, die Staat van die landbou een bedryf van die ander bedryf en ons moet voortdurend met mekaar kommunikeer op al hierdie vlakke as ons ons probleme wil oplos.

Die kommoditeitsessies meneer het vir my meer optimisties gestem. Ek dink die meeste bydraes was meer optimisties as wat ons in die verlede gehad het, maar uit hierdie kommoditeitsessies het daar vir my 'n paar uitstaande sake na vore gekom. En die heel eerste ene wat na vore gekom het en ook nie net uit die kommoditeitsessie nie, ook uit referate wat hier gelewer is, is die hele kwessie van inflasie, insetkostes, grondpryse wat ten hemele styg. Dit bly een van ons kernprobleme meneer. Prof Kassier het ons daarop gewys, hy het gewys dat ons moontlik sekere besparings in hierdie inflasiesituasie kan bewerkstellig. Maar meneer ons sal dit ons baie ernstige aandag moet gee en natuurlik hang die hele probleem saam met die algemene ekonomiese situasie in Suid-Afrika en waar dit seker een van die hoogste prioriteite by die Staat is om inflasie in toom te hou, moet ons uit die landbousektor, sover ons moontlik kan, saamwerk om dit ook van ons kant so laag as moontlik te hou.

Meneer 'n ander probleem, ek wil dit nie 'n probleem noem nie, uitstaande punt wat na vore gekom het, was die hele kwessie van 'n beperkte mark. Ons kan dit ook noem oorproduksie as ons wil, onderkonsumpsie of 'n beperkte mark. Prof Bullock referred to demand for food and pointed out that in a developing society the percentage income spend on food is limited. The more affluent the society, the lower this percentage will be. And then he said that in the United States, if I understood him correctly the demand growth is linked to population growth. Now mr Chairman in South Africa we have a sligthly different situation, because in South Africa there exist an enormous potential demand, as I see it, for food. Especially in the developing Third World population. An enormous potential demand internally as well as in the neighbouring states. And I think so that this potential demand can be utilized.

—

.../4

Either by:

(a) Supplying food at lower prices than we are at the moment whether it is possible, I don't know, that's a debatable point. But that's the one option we have to utilize this potential demand. Supply food at lower prices so that the Third World people can buy it.

(b) Or, another alternative is increase the standard of living of the under developed or a third option could be a combination of lower prices and an increased standard of living.

Meneer dit is die soort van uitdaging waarvoor ons staan. Maar ek dink dit is en ek dink dit skep vir ons in die Suid-Afrikaanse landbou 'n besondere geleentheid. Ons is hier in 'n meer bevoorregte posisie as wat die VSA is. Ons sit hier binne ons geledere, binne-in ons geografiese grense sit ons met 'n enorme potensiële mark. Ek dink nie enigiemand kan dit ontken nie. En ons sit op ons grense met 'n enorme potensiële mark wat ons nog kan ontwikkel. Dit beperkte marksituasie kan ook van produsentekant hanteer word deur minder te produseer, met ander woorde deur produksiekwotas in te stel. Maar meneer, in ons Suid-Afrikaanse situasie dink ek moet ons baie mooi besin voor ons daartoe oorgaan, want ons het 'n besondere ekonomiese situasie in Suid-Afrika. Daar is 'n paar bedrywe waar produksiebeperkinge geld maar ek dink nie ons moet dit gryp voor ons nie al die ander moontlikhede probeer het nie. Ons het 'n sekere afhanklikheid van buitelandse handel. Ons aanvaar seker almal meneer dat ons soos ons President dit gesê het, "onomwonde deel is van die internasionale gemeenskap." And I, sir, agree fully with prof Bullock when he says: "But when you see yourself as part of an international community, you can't just sell, you must also buy." Daar moet 'n wisselwerking wees en ons moet seer sekerlik, trag om nie geïsoleer te word, van die internasionale handelsgemeenskap.

Dit gaan op die oomblik goed met ons bedrywe wat uitvoer ten spyte van die beperkings wat daar op Suid-Afrikaanse produkte geplaas word, maar meneer, ek wil weer sê wat ek verlede jaar gesê het: "Ek dink ons moet hierdie buitengewone gunstige omstandighede benut. Ons moet sommige van die "windfall profits" wat ons nou het, moet ons bêre vir moeilike dae. Ons kan nie aanhoudend staat maak en ek hoop nie ons gaan aanhoudend staat maak op lae randwaarde nie, maar alhoewel die lae randwaarde vir ons voordelig is, hou dit vir ons oor die langtermyn nadele is. Ons moet nog beter bemarkers word. Ons moet ons status as 'n belangrike en betroubare handelsvennoot bevorder, en dit behels nie slegs die handhawing en versterking van bestaande multi-laterale handelsooreenkomste nie, maar ook die

.../5

bevordering van bilaterale en kontra handelstransaksies. Dit was die woorde ook van die Staatspresident. En meneer, ek wil dit graag beklemtoon dat dit vir ons in die landbousektor ook van die aller grootste belang is en ek wil vandag die stelling maak, ten spyte van al die kritiek wat teen ons stelsel van bemarkingsrade gerig is dat ons bemarkingsrade in 'n uitstekende posisie is, dat hulle oor die ekspertise beskik om 'n besondere belangrike bydrae tot hierdie doelwit te maak.

Toestande is nou gunstiger meneer - klimatologies en ook ekonomies - en as ons nou dink aan wat so pas gesê is dat ons aanpassings en veranderings sal moet maak, dan hoop ek dat ons die moed sal hê, al is dit ook dan soos prof Bullock gesê het pynlik, dat ons die moed sal hê om die aanpassings te maak ter wille van die langtermynvoordeel wat daaruit te behaal is. Ek sal graag wou dat ons hiervandaan gaan besiel met 'n vaste voorneme om die landbou op te bou tot voordeel van ons land en van al sy mense.

—

/Ljvr